

SKRIFGEDEELTE: 1 SAMUEL 18:6-22

FOKUSGEDEELTE: 1 SAMUEL 18:17, 19

Adriël – Doen wat jy sê

Vanuit die Woord van die Here gaan ons vandag spesifiek dink oor die vraag of ons werklik ons woord hou as ons iets gesê het? In die gebeure oor Saul en Adriël (kudde van God) waarvan ons saam gelees het, leer ons meer hieroor.

Koning Saul het op 'n stadium aan Dawid gesê: “Hier is my oudste dogter Merab. Ek gee haar aan jou as vrou” (vs 17). Later, toe dit 'n werklikheid moes word, het Saul egter sy dogter vir iemand anders gegee, vir Adriël, die Megolatiet. Adriël was van Abel-Mehola afkomstig, 'n dorp in die middelste deel van die land, nie ver van die Jordaanrivier af nie. Saul het sy belofte aan Dawid verbreek, sy woord nie gehou nie. Ook op hierdie manier het Saul gewys dat sy hart nie naby die Here was nie.

Elke dag sê ons dinge vir mense. Dikwels is dit somer iets kleins. “Ek kom vandag by jou tee drink.” “Ek gaan jou skakel op jou verjaardag.” In die skool het jy vir jou vriend/vriendin gesê jy gaan hom/haar vanmiddag help met iets.

Ons sê maklik dinge. Doen ons egter wat ons sê, of is ons maar dikwels soos Saul wat nie sy woord gehou het nie? Dadelik dink ons aan die woorde van die Here Jesus: “Laat julle ‘ja’ eenvoudig ‘ja’ wees en julle ‘nee’ ‘nee’” (Matt. 5:37).

Deur die kragtige en voortdurende werking van die Heilige Gees kan ons elkeen vandag en elke dag doen wat ons sê. So kan ons ook in die klein dingetjies van elke dag die wil van die Here meer en meer uitvoer en nuut lewe vol integriteit in gehoorsaamheid aan Hom.

Sing: Psalm 116:6, 7 (2001)

Ds. L du P (Wikus) van der Vyver (Silverton)